
# GALASIËRS & EFESIËRS



# GALASIëRS 3&4

Daar is onenigheid onder die Galasiërs – die Jode, wat hul lewe lank al die rituele en wette en reels probeer nakom, voel dat die nie-Jode wat nou tot geloof gekom het, nie gered kan word op grond van geloof alleen nie.

Net so is daar vandag ook gelowiges wat die "regte paadjie" loop vir jare... En ander wat op bonatuurlike, ingrypende maniere by die Here uitkom. Watter pad is reg?

Lees Galasiërs 4:21-31.  Paulus verwys na 'n bekende storie uit die Ou Testament (Genesis 21) om dit aan die Galasiërs te probeer verduidelik.

# GALASIëRS 4:21-31

“Julle wat so graag aan die wet van Moses onderworpe wil wees, sê vir my: Hoor julle nie wat die wet sê nie? Daar staan tog geskrywe dat Abraham twee seuns gehad het, een by 'n slavin en een by 'n vrygeborene. Sy seun by die slavin is volgens die loop van die natuur verwek en gebore, maar sy seun by die vrygeborene kragtens 'n belofte van God.

'n Mens moet dit figuurlik verstaan. Die twee vroue staan vir twee verbonde. Die een is by Sinaiberg gesluit en bring slawe voort. Dié verbond is Hagar. Hagar staan vir Sinaiberg in Arabië, en dit is 'n beeld van die huidige Jerusalem, want Jerusalem en sy kinders is slawe. Maar die hemelse Jerusalem is vry, en dit is ons moeder. Daar staan immers geskrywe:

# GALASIëRS 4:21-31

“Verbly jou, onvrugbare wat nie kinders kon hê nie.
Juig van vreugde,  jy wat nooit moeder kon word nie,
want die kinderlose vrou wat deur haar man verlaat is,
sal meer kinders hê as die vrugbare wie se man by haar is.”

En julle, my broers, is net soos Isak kragtens die belofte kinders van God. Destyds het die seun wat volgens die loop van die natuur gebore is, die seun vervolg wat deur die Gees in die wêreld gekom het. En dit is nou nog so. Maar wat sê die Skrif hiervan? “Jaag die slavin en haar seun weg, want die seun van die slavin mag hoegenaamd nie saam met die seun van die vrygeborene erf nie.” Ons is dus nie kinders van 'n slavin nie, broers; ons is kinders van die vrye.



## ISMAEL gebore uit HAGAR

- Sara maak haar eie planne uit vrees, twyfel en ongeloof
- Die slavin Hagar kry vir Ismael by Abraham
- Sara jaag vir Hagar en Ismael weg



## ISAK gebore uit SARAI

- God se belofte van ‘n kind word vervul alhoewel Sarai kinderloos is en Abraham al 100 jaar oud
- Dit gebeur uit God se wil en as gevolg van God se planne

Die storie moet ook figuurlik verstaan word as ‘n voorbeeld van God se verbond met die volk.

Die belofte aan Abraham (om tot seen te wees vir die volk en vir alle ander nasies) was gegee voordat die wet aan Moses gegee is op berg Sinai.

Lees Genesis 12 en Genesis 15 as herinnering aan die belofte wat God gegee het vir die volk.

Genade en seën vir alle nasies was God se plan nog voor die wet.

- Hoe sien jy God se genade uitspeel in die storie van Hagar en Sarai?
- Wat dink jy was die doel van die wet aan die volk op berg Sinai?

# GENESIS 15 – ‘n BELOFTE voor die WET

Maar die woord van die Here het tot Abram gekom: “Daardie een sal nie jou erfgenaam wees nie. Een wat jou eie nasaat is, hy sal jou erfgenaam wees.”
Toe het die Here vir Abram buitentoe laat gaan en vir hom gesê: “Kyk op na die hemel en tel die sterre as jy kan.” Verder sê die Here vir hom: “So baie sal jou nageslag wees.”
Abram het toe in die Here geglo, en die Here het dit goedgevind dat Abram so volgens die wil van die Here gehandel het.
Hy het vir Abram gesê: “Ek is die Here wat jou uit Ur van die Galdeërs laat wegtrek het om hierdie land aan jou te gee as jou besitting.”

Uit beide situasies is ‘n kind gebore, met dieselfde vader...

- *Hoe dink jy verskil ‘n vader van ‘n baas?  ‘n Vader van ‘n eienaar?*
- *Hoe is God ons vader en nie net ons koning, baas of eienaar nie?*

**GENADE ONBESKRYFLIK GROOT.** GOD ROEP MENSE UIT BEIDE SITUASIES NA HOM TOE, WANT HY IS SO LIEF EN SO GENADIG EN WIL ONS SEËN.

- Alhoewel poligamie algemeen was in die kultuur (een man met twee vroue), het dit altyd op ‘n gemors afgestuur.  God se plan was een man met een vrou
- Alhoewel Isak deel van God se plan was, het hy steeds genade betoon teenoor Hagar en Ismael. God ontmoet Hagar en Ismael in die woestyn, terwyl Sara en Abraham hulle wegjaag
- Uit Ismael is die nie-Jode afstammelinge wat steeds by God se belofte ingesluit is en vandag tot geloof kan kom.

Onthou jy die storie van Kain en Abel?

- Abel se bloed het uitgeroep: Moord! Straf!
- God se bloed het uitgeroep: Vergifnis! Genade! Twee kans!
- Volgens die wet moet Kain gestraf word, die mense verwerp hom, hy vlug vir sy lewe, maar:
- God gee vir Kain 'n merk van genade op sy voorkop, dat niemand hom mag doodmaak nie.  Uit Kain word nie-Jode gebore wat tot geloof kan kom deur Jesus Christus wat die vloek vir ons sonde aan die kruis gedra het.



# GOD KOM ONTMOET DIE WAARHEID MET GENADE



# WAT BETEKEN DIT VIR DIE GALASIëRS en vir my en jou?

Party van ons kom by die Berg uit, by Jesus uit, vanaf die wet, die waarheid.

*Party van ons kom by die Berg uit, by Jesus uit, vanaf genade en bonatuurlike ingryping.*

**Maar ons het almal Genade en Waarheid nodig om gered te word.** Jesus aan die kruis maak dit vir ons moontlik om gered te word.



*Die skrywer Watchman Nee vertel van ‘n bekeerde wat eenmaal angsbevange na hom toe gekom het.  “Maak nie saak hoe baie ek bid of hoe hard ek probeer nie, ek kan eenvoudig nie getrou aan God wees nie.  Ek sukkel.  Ek dink ek is besig om my redding te verloor.”  Nee sê toe vir hom: “Sien jy hierdie hond hier? Dit is my hond.  Hy is getrain, hy eet sy kos, hy is gehoorsaam, hy is ‘n ware vreugde vir my.*

*Daar binne in die kombuis het ek ‘n baba seun.  Hy maak ‘n gemors, hy gooi sy kos rond, maak sy klere vuil en doen alles wat hy nie moet nie.  Maar wie gaan my koninkryk erf?  Nie my hond nie, my seun is die erfgenaam.”*

Wat wil Paulus vir die Galasiërs sê?

- Ons is almal kinders van God – maak nie saak van watter kant af jy by Hom uitkom nie
- Jesus is die Weg en die Waarheid en die Lewe
- Lê jou lewe voor Hom neer
- Julle almal, maak nie saak van watter kant af jy by Jesus uitkom nie, kort genade en die kruis – dis die middelpunt van ons lewe

- *Hoe help jou dit om met ander mense waarvan jy nie hou nie oor die weg te kom?*
- *Hoe help dit jou om jou eie "journey" na die Here toe te verstaan?*
- *Waarvan moet jy dalk vandag bekeer om Jesus regtig die middelpunt van jou geloof te maak?*

# BEKEER TOT GOD!



**Lees Galasiërs 4:6-9.**

Die woorde Abba Vader kom drie keer in die Nuwe Testament voor (Romeine 8 en Markus 14 ook).

***Wanneer dink jy kan ons ons pa Abba Vader noem?***

- Wanneer ons nie meer net kinders as gevolg van die bloedlyn is nie, maar ook as gevolg van geloof (nes Abraham)
- Wanneer God nie meer net ons hemelse skepper is nie, maar ons Vader – nie net baas nie, maar ook pappa wat genade betoon


*“En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit: **“Abba!” Dit beteken: Vader!** Jy is dus nie meer 'n slaaf nie; jy is nou 'n kind van God. En omdat jy sy kind is, het God jou ook sy erfgenaam gemaak.”*

# GALASIëRS 3:26-29

Deur hierdie geloof in Christus Jesus is julle nou almal kinders van God, want julle almal wat deur die doop met Christus verenig is, het nou deel van Christus geword. Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één. En as julle aan Christus behoort, is julle ook nakomelinge van Abraham en erfgename kragtens die belofte van God.



Wat sê dit vir jou van jou rol as vader of moeder in jou huis?

Wat sê dit vir jou van jou verhouding met jou mede broers en susters in die Huis van die Here, ook dié wat nie met dieselfde paadjie by die Here uitgekom het nie?

Wat sê dit vir jou opnuut vandag van ons Abba Vader in die hemel?

**Here, ons sê dankie vir U genade onbeskryflik groot, want ons het dit almal so nodig! Dankie dat U meer is as koning en ons eienaar, maar ook ons Vader wat vir ons tweede kanse gee. Ons kniel opnuut voor U neer en weet dit is waar ons redding vandaan kom. Wanneer ons U opnuut erken as die middelpunt van Waarheid en Genade.**
**AMEN.**


bydraes
PAYTODAY: FRESH NAMIBIA
KOLLEKTE OP SONDAE
BANKREKENING: www.freshnamibia.com